Uitgawe 3 Junie 2015







IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Uit die pen van Ds Frik Kleinhans | 2 |
| Pinkster 2015 | 3 |
| Leipoldtvillers presteer | 4 |
| Oor Vaders en Vadersdag. deur Hennie Fritz | 5 |
| Moenie die baba met die badwater uitgooi nie. | 6 |
| Heerklike Biefstuk | 7 |
| Lief en Leed | 8 |
| Somerkoelte Opedag | 9 |
| Vadersdagete | 9 |
| Advertensies | 10 |
| Ten Slotte | 11 |


# So onthou ons...



## Die eerste motors.

Die koms van die eerste motors na die Sandveld was 'n groot storie, want dit was nogal 'n uitdaging om 'n motor te leer bestuur en met die destydse sandpad was dit glad nie maklik nie.

Soos ons kan onthou het die volgende persone die eerste motors besit:

~ Fritz Carstens - Fritz van Marietjie en Fritz van Erna, se Oupa (Ford)

~ Gideon Carstens - Johan Carstens se Oupa (Chrysler)

~ Martin Smit - Elmien van Blommenstein se Oupa (Chevrolette)

~ Mnr van Schalkwyk - Hoof van Sandberg skooltjie, wat destyds by die huidige Sandberg Winkel was. (Ford)

~ Chrisjan Nieuwoudt - Christo Nieuwoudt se Oupa (Plymouth)

~ Kowie van Zyl - Frieda Kotze, se Pa (Dodge) Hierdie Dodge is later jare in 'n bakkie omskep.

Fritz Carstens het die eerste motor besit hierso. Hy was getroud met Lettie en hulle kinders was Frikkie, Jacoba, Danie, Lenie en Johan.

Daardie jare het die sandpad nog aan die agterkant van Tannie Johanna se huis, na Paleisheuwel en Sandberg se kant toe, geloop.

Die motor se panele is met seile toegemaak sodat die bosse nie die bakwerk kon beskadig nie. As Oupa Carstens glo die pad oor die berg na Citrusdal aangepak het moes die kinders tjoepstil in die kar sit– niemand mag gepraat of 'n geluid gemaak het nie. Oupa moes baie mooi konsentreer om die moeilike pad aan te durf, veral om die gevaarlike draaie waar Oupa die kar se hoeter moes blaas om ander verkeer te waarsku.

*Soos onthou deur Koos Visser en Fritz Carstens.*



Fritz en Lettie Carstens met hul kinders, Frikkie, Danie, Jacoba, Lenie en Johan



F Carstens en Betta Carstens

Afgeneem by die Ford

# Uit die pen van Ds. Frik Kleinhans ...

## Moenie vassteek by jou onmiddelike taak nie, kyk verder. Waarmee is jy besig?


Twee bouers was besig met hulle werk toe 'n vreemdeling verby loop en vir die eerste een vra waarmee hy besig is. Hy antwoord toe dadelik en duidelik geïrriteerd: "Ek smyt die verdomde sement op die verdomde bakstene en dan pak ek die verdomde goed op mekaar." Die vreemdeling stap toe na die volgende man en vra wat hy besig was om te doen, en hy antwoord met 'n glimlag: "Ek is hier besig om 'n mooi nuwe kerkgebou vir die Here te help bou."

Ons ken ook almal mense wat altyd soos die eerste man voel. Hulle kla oor alles. Hulle hou nie van hulle werk nie. Dis mense wat net doen wat hulle moet doen omdat iemand vir hulle gesê het: "Doen dit!" en hulle daarvoor betaal word. Hulle het geen groter doel met wat hulle doen nie. Die probleem is dat hulle fokus op WAT hulle doen en nie op WAAROM hulle dit doen nie.

In my en jou "werk" as Vader van ons kinders, besef ons werklik waarmee ons besig is? Wil ons maar net die kos en die skoolgeld betaal tot hulle groot genoeg is om dit vir hulleself te kan doen? Of besef ons dat ons besig is om 'n kind se lewe te vorm om eendag 'n wenner te wees, of 'n verloorder; 'n dissipel van Jesus of iemand wat maar net weet van Jesus; iemand wat eendag 'n goeie Pa vir sy kinders kan wees en 'n goeie man vir sy vrou; en soveel ander dinge?

**Moenie net 'n Vader wees nie, wees 'n Christen Vader**

Dis nie maklik om in vandag se lewe 'n vader te wees nie. Die lewe stel baie eise. Dit is nog moeiliker om 'n Christen vader te wees! Tog, al is dit 'n moeilike taak, met die hulp van die Here is dit moontlik. Ons kan dit doen ! In Fil 4:13 sê Paulus vir ons: "[13]*Ek is tot*



*alles in staat deur Hom (dit is Christus) wat my krag gee.*"

### Tien Maniere om 'n Beter Vader te wees

*Mark Brandenburg onderskei 10 maniere waarop jy meer suksesvol, met die belangrikste taak wat jy het, kan wees:*

**1. Sien jou kinders as bekwaam**
Te veel Vaders kyk na hulle kinders met gedagtes van "Jy is nie goed genoeg nie". Kinders voel dit aan en hulle glo dit later self en lewe dan daarvolgens. Hoe meer vertroue jy in hulle vermoëns stel, hoe beter sal hulle vaar.

**2. Maak tyd vir jou kind**
Daar sal altyd werk wees om te doen, maar jy sal nie altyd 'n kans hê om saam met jou kinders te wees nie. Kyk waar jy hulle kan betrek, ook by take rondom die huis. Aan die wyse waarop jy jou kinders insluit in jou daaglikse lewe, sal hulle weet hoeveel hulle vir jou saak maak.

**3. Gebruik positiewe maniere van dissiplinering**
Straf is nie die effektiefste manier van dissiplinering nie. Om een of ander rede lei dit dikwels juis tot die gedrag wat jy wou laat afleer. Leer hulle liewer om die gevolge van hulle dade in te sien en dit te dra. Positiewe dissipline kweek verantwoordelikheid.

**4. Sorg dat jy 'n goeie verhouding met jou vrou het**
Jy is die hoof rolmodel van jou kinders en ook die hoofbron van hulle kennis oor hoe om 'n intieme verhouding te hê. Deur jou verhouding met hulle Ma dop te hou, leer hulle hoe.

**5. Wees bewus van wat in jou kinders se lewe aangaan**Hoeveel weet jy regtig van jou kinders? Weet jy wat hulle toekomsverwagting en hulle drome is? Weet jy wat dit is wat hulle inspireer? Ken jy hulle vriende se name? Weet jy waarvan hulle in jou hou en waarvan nie? As daar dinge is wat jy nie weet nie, kan jy hulle altyd vra!

**6. Koester jou kinders**
Gee hulle drukkies en soentjies en laat hulle gereeld hoor dat jy vir hulle sê jy is lief vir hulle. Speel met hulle. Stoei speel-speel met hulle. Dit help julle om te bind. Wys gereeld jou sagte kant ook aan jou kinders.

**7. Luister opreg na jou kinders**
Sit jou koerant 'n rukkie neer en kyk jou kinders in die oë as hulle met jou praat. Moenie luister sodat jy hulle kan antwoord nie, want dan hoor jy dalk wat jy "dink" hulle sê. Luister om te probeer verstaan wat hulle sê of voel. Vra vir hulle of jy reg verstaan wat hulle bedoel. As jy wil hê jou kinders moet na jou luister, dan moet jy vir hulle wys hoe 'n mens dit doen.

**8. Ondersoek jou eie verhouding met jou Vader**
As jy 'n swak verhouding met jou Vader het, of gehad het, kan dit jou vermoë om self 'n goeie Vader te wees beïnvloed. Is daar dinge wat jy met jou eie Pa wil uitpraat? Om jou Vader te vergewe as jy iets teen hom het, sal jou help om self 'n beter Vader te kan wees.

**9. Sorg vir jouself**
Dit is moeilik om liefdevol en versorgend teenoor jou familie te wees as jy dit nie teenoor jouself ook is nie. Maak tyd vir ontspanning en oefening om jou eie stresvlak te verlig. Gebruik vriende en familie om jou te ondersteun. Moenie soos 'n eensame eiland in jou familie bestaan nie. Hulle sal dit waardeer as jy deel van hulle is.

**10. Sorg dat jy weet hoe om jou woede te verwerk**
Mans sukkel soms om die geweldige emosionele spanning wat in families kan voorkom te verwerk en dit lei dikwels tot woede (kwaadheid) en daardie onderliggende woede lei tot woede by jou kinders en dit raak 'n bose kringloop. Leer daarom hoe om jou eie woede te verwerk en daarvan ontslae te raak. Onthou dat net een woede uitbarsting genoeg is om langtermyn gevolge op jou kinders te hê.

# Pinkster 2015

## Ds. Hennie De Kock



## Die Roeping van Moses

### Roeping (Eks 3-6)

<ins>Hemelvaart</ins>: Die Heilige God van liefde roep jou. (Eks 3:1-10)

<ins>Sondag</ins>: Die Verbondsgod, roep jou op jou naam. (Eks 3:1-6 11 en 12, 4:18-26)

<ins>Maandag:</ins> God roep jou saam met jou broers en susters (Eks 4:10-17, 27-31)

<ins>Dinsdag:</ins> Die God van sending, stuur julle na mense toe. (Eks 3: 7-22)

<ins>Woensdag:</ins> Die God wat voorsien, rus jou toe vir jou taak (Eks 3 en 4)

<ins>Donderdag</ins>: God, stuur julle met hoop na 'n wereld sonder hoop. (Eks 5: 22-6: 12)

<ins>Sondag</ins>: God, roep oud en jonk vir Sy dienswerk.













*Dankie aan al die wyke wat saans die heerlike etes voorgesit het:*

*Maandag: Dorp en Vaalfontein*

*Dinsdag: Wadrif, Brandwag en Elandsbaai*

*Woensdag: Swartboskraal en Bolangvlei*

*Donderdag: Sandberg en Brandenburg*









# Leipoldtvillers presteer



NETBAL


Anke van Zyl het op 9 Mei 2015 aan die Boland Netbal Proewe deelgeneem wat in Wellington gehou is.

## Eisteddfodd - Citrusdal 8 Mei 2015




JG Visser Gr3

Cum Laude vir Engelse Voordrag



Nerine Visser Gr5

Goud vir Engelse Voordrag



Carla O'Connell Gr10

Silwer vir Engelse Voordrag

## Wes-Kaap Jeugskouspan

Leerders van Augsburg Landbougimnasium is in die Wes-Kaap Jeugspan opgeneem. Lara Visser, Arlene Visser, Carmari Mariais en Jannes Mariais gaan in die September vakansie aan die SA Kampioen-skappe, wat op Williston gehou gaan word, deel neem.



Lara Visser




Arlene Visser



Carmari Marais



Jannes Marais



## ATKV Algemene Jaarvergadering - Klein Kariba

Carla O'Connell en Lauwrens Laing het die ATKV tak van Piketberg, Plofstof, by die ATKV se Algemene Jaarvergadering verteenwoordig. Dit het van 26-28 Mei 2015 op Klein Kariba plaas gevind.

Vir hierdie twee leerders van Piketberg was dit 'n groot ervaring om vir die eerste keer per vliegtuig te reis. Vanjaar se tema was Nasiebou en Versoening. Hulle het geleer dat om 'n werklike verskil te maak moet jy by jouself begin en dat die jeug moet besef watter groot verantwoordelikheid hulle regtig op hande het.

# Oor Vaders en Vadersdag

Hennie Fritz

Ou Vaders was niemand se mater nie
ken jou plek en bewaar jou siel;
moenie stry nie, hy's nie jou kader nie.
'n Kind word nie gehoor nie – net gesien.
So was dit van melee se dae
herinnering hieraan is bra trae.

Vandag se Vaders laat die akker groei
gee die kind sy sin as gehoorsame ouer, en
slaan geen boudjies om verhoudings te boei.
Dis net stilbly, sluk, gee en skuldgevoel
want werk en verkeer roof sy tyd
so-by-so, dat logiese denke terugstaan vir spyt.

Nee, gee my die vorige geslag-
my Pa kon raas en meer as Oupa ook lag
soms was hy afwesig en soms net besig,
maar nooit afsydig en sekerlik nooit ledig.
Altyd gereed om my by te staan
selfs al kos dit 'n arm en 'n soms traan.

Vadersdag kom dalk van die VSA
maar Vaderskap, kom van my Pa.




# Vadersdagete

By Somerkoelte

Het verskuif na

14 Junie 2015

Nie meer 21 Junie 2015

Soos op ons Kalender

# Moenie die baba met die badwater uitgooi nie.

<u>Betekenis</u>:

Om so oorywerig te wees om foute aan te toon en uit te roei, dat selfs dit wat goed is, ook verwerp word.

<u>Waar kom dit vandaan</u>?

Lopende water was eens op 'n tyd 'n luukse. Daar was nie net 'n kraan wat jy kon oopdraai om 'n lekker vol bad water te kon tap nie. Mense moes ver stap en het emmers water aangedra om uiteindelik 'n sinkbadjie te kon voltap. So het dit dan gewerk: Die baas van die plaas, of die man van die huis het die voorreg gehad om heel eerste in skoon water te kon bad. Dan het al die seuns en ander manne in die huis gevolg, dan die vrouens en dan die kinders. Babas was heel laaste in die ry. Teen daardie tyd was die water al so vuil dat 'n mens so byna iemand daarin kon miskyk. En vandaar het ons die uitdrukking "Moenie die baba met die badwater uitgooi nie!"











Henk en Helisna van Zyl, baie dankie vir die oulike modelle … en 'n sopnat badkamer na die fotosessie!

# Heerlike Biefstuk

Illustrasie deur Corrie Victor

Heerlike Biefstuk Resep: Kuier Gesellig deur Atel Koch

## Spyskaart

Butternutsop

***

Heerlike Biefstuk

Pampoenpoffers

Gegeurde Rys

Mengelslaai

***

Malvapoeding met Vla



### Heerlike Biefstuk

Olie

3 middelslaguie, in ringe gesny

2kg beesvleisskywe, bv. Binneboud

750ml -1 liter kookwater

1 pakkie bruin uie soppoeier

15ml droë tiemie

30ml tamatiesous

10ml suiker

Sout en vars gemaalde swartpeper.

Verhit olie en braai uie tot sag en ligbruin. Skep uit. Braai vleis in dieselfde kastrol tot bruin aan albei kante, maar nog nie gaar nie. Skep vleis en uie in `n oondbak.

Meng die res van die bestanddele (begin met 750ml water)en giet oor die vleis. Bedek en bak 2-2½ uur

By 180ºC tot vleis sag is en sous dik word. (gaarmaaktyd hang van dikte van vleissnitte en taaiheid van vleis af). Skep sous af en toe oor vleis. Indien sous te veel weg kook, voeg nog water by.













# Lief en Leed

Andre de Waal, sterk goed aan na sy rugoperasie.

Alida Kruger, vriendin van Summeri Genade, toon goeie vordering na haar motorongeluk.

Angelique de Kock se Pa, Eugene von Brandis, is op 27 Mei 2015 oorlede.

Oom Theunis en Tannie Frieda Kotze het na Somerkoelte,tehuis vir bejaardes op Lambertsbaai, verhuis.



# Somerkoelte Opedag

Saterdag 13 Junie 2015

NG Kerksaal Lambertsbaai

Tyd: 10h00

Pannekoek en Tee van 09h00 af beskikbaar



Pannekoek

Braaivleis

Afval

Roosterbrood

Kerrie en Rys

Jafels

Gebak

Poeding

Groente

Vleistafel

Teetuin

## *Spyskaart*

Tamatiebredie

Frikkadelle

Braai Aartappels

Pampoenpoffers & Slaai

Gebakte Poeding met Vla

## Vadersdagete

Somerkoelte Lambertsbaai

Sondag 14 Junie 2015

R80-00 Tyd: 12h00

Kontak Augusta van Zyl - 083 287 7759

# Advertensies

## Leipoldtville
## LEIPOLDT KUIER

# 8 Augustus 2015

**Volwassenes - R120.00 - Kinders 0.12- R50.00**
**Persone bo 70 - GRATIS (Met bewys van ID)**

**-Plattelandse Basaar vanaf 10:00**
**-Kindervermaak -Stalletjies en vele meer.**

10:00 - 10:30 - Fakkeloptog
11:00 - 12:00 - Harley Davidson optog
12:00 - 13:15 - Opveilartikels
13:15 - 13:30 - Andries Vermeulen
13:30 - 14:30 - Nedine Blom
14:45 - 15:45 - Amoré
16:00 - 16:30 - Deon Terblanche
16:30 - 17:30 - Wynand en Cheree
17:30 - 18:30 - Andries Vermeulen
19:00 - 20:30 - Ses Snare




**Inligting**

| Elsabe Carstens | Kerkkantoor | Corlia Carstens |
|---|---|---|
| 027 422 1802 / 083 225 6536 | 027 412 2844 | 083 632 4284 |
| e -pos: bolangvlei@mylan.co.za | e -pos: ngkleipoldtville@mylan.co.za | e -pos: corlia@mylan.co.za |

Om te Adverteer :

Stuur inligting na

dieleipoldt@gmail.com

## Leipoldtville

### Art Hair
Design

CELL Elmien 083 538 3857

(Haarsalon -Langs Johny se winkel)

Maandae: 13h00 - 17h00

Vrydae: 08h00 –17h00

## MIGLIO
INDEPENDENT STYLE CONSULTANT

**Jolanda Visser**

083 602 9242

## Erf te koop

R350 000-00

**Graafwater**

8533m2
Skakel Henk van Zyl vir inligting

**083 260 5669**

# NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

| Leraar: | Koster: | Kassier: | Skriba: |
|---|---|---|---|
| Ds. Hennie de Kock | Carol Loubser | Corlia Carstens | Lida Slabber |
| Tel/Faks: 027 4122823 | Tel: 027 422 1347 | Tel: 027 4221030 (h) | Tel: 027 412 2331 (h) |
| Sel: 083 263 0099 | Sel: 073 419 2830 | Sel: 083 632 4284 | Sel: 083 866 7760 |
| henniedekock@telkomsa.net | | | |

# Ten Slotte

Meimaand was 'n bedrywige maand op die Kerk kalender met Pinkster wat plaasgevind het.

Hierdie maand word gefokus op die Vaders met Vadersdag op Sondag 21 Junie. Baie dankie aan Ds. Frik Kleinhans wat vir ons 'n baie mooi artikel vir die Vaders ingestuur het.

Inligting oor die oorspronklike plaasskooltjies van die omgewing word benodig. Daar is met die eeufees potloodsketse van elkeen van die skooltjies gemaak. Dit was onder andere Paleisheuwel, Klipkraal, Swartboskraal, Bolangvlei, Sandberg, Soutkuil, Leipoldtville, Betjiesville, Wolfhuis en Kompagniesdrift.

Kontak my asseblief as jy dalk een van die sketse in jou besit het of in een van die skooltjies was of net enige inligting het. Ek sal graag in die toekoms oor elkeen van die skooltjies wil berig.

Stuur enige nuus, advertensies of voorstelle na dieleipoldt@gmail.com

Redaktrise: Karien O'Connell

Redigering: Gideon van der Merwe

